12 SEPT. 2010 OGGENDDIENS PASTOOR DION VD MERWE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 5: 6-21

LEWE AS MENSE VAN DIE LIG

EFESIëRS 5: 6 - 21

“Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.
Wees dan nie hulle deelgenote nie.
Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.
Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.
En beproef wat die Here welbehaaglik is;
en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.
Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem.
Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.
Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn.
Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;
en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.
Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.
Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.
Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,
terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,
en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.”

Inleiding

Hier word ‘n algemene oproep gedoen dat ons soos mense van die Lig moet lewe. Dit wat die Here wil hê vir ons lewens moet jou grootste prioriteit wees.

1. ‘N ALGEMENE OPROEP OM MENSE VAN DIE LIG TE WEES

EFES. 5:6-7 “Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, want daardeur kom die toorn van God oor die kinders van die ongehoorsaamheid.
Wees dan nie hulle deelgenote nie.”

Die opdrag is nie dat jy geen kontak met ongelowiges moet hê nie.
Jesus het die voorbeeld gestel om vertrouensverhoudings met ongelowiges op te bou en uiteindelik hulle na Hom te lei.

Lukas 5:30-32 “En hulle skrifgeleerdes en die Fariseërs het by sy dissipels gemurmureer en gesê: Waarom eet en drink julle saam met die tollenaars en sondaars?
En Jesus antwoord en sê vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is.
Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.”

Paulus sê hier dat ‘n gelowige nie mense wat verkeerde dinge goedpraat en doen se optrede **mag** goedkeur nie – Dan sal jy net so word. Sulke mense het ‘n verkeerde invloed op ‘n gemeente en bring eenheid en effektiwiteit in gedrang.

Ons moet op ons hoede wees vir mense wat doelbewus lelike dinge doen en gekant is teen alles wat ons as christene uitleef.

Vers 8 “Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig.

Jou leefwyse moet jou geloof en belydenis bevestig.

Matt. 5: 14-16 “Julle is die lig van die wêreld. ‘n Stad wat bo-op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
en ‘n mens steek ook nie ‘n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.
Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

<u>Vers 10-14</u> "En beproef wat die Here welbehaaglik is;
en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.
Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem.
Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig.
Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn."

Jy moet nie net wegbly van verkeerde dinge nie, maar jy moet dit duidelik uitwys as verkeerd. God roep jou om standpunt in te neem.

Toets alles in die Lig van God se **<u>Woord.</u>**

<u>Vers 14</u> "Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn."

Waarskynlik 'n lied wat die Efesiërs geken het.

<u>Jesaja 51:17</u> "**Ontwaak, ontwaak, staan op, Jerusalem, jy wat uit die hand van die HERE die beker van sy grimmigheid gedrink het; die kelk van bedwelming het jy uitgedrink, uitgesuig."**

<u>Jesaja 52:1</u> "**Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie."**

<u>Jesaja 60:1</u> "**Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op."**

<u>Vers 15-16</u>" Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;
en koop die tyd uit, omdat die dae boos is."

Gebruik jou geleenthede >> wees sensitief en tree op.

<u>Vers 17</u> "**Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.**

Jy moet verstandig optree – doen.

2. <u>SPESIFIEKE RIGLYNE</u>

<u>EFES. 6: 18</u> "Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

Die effek van alkohol is dat dit my in besit neem – Neem beheer oor.

So moet Gees in beheer wees van my en jou lewe.

Nou kom Paulus en maak ‘n lys wat karakter eienskappe is van iemand wat vervul is met die Heilige Gees.

<u>Vers 19</u>” Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,
terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,”

Dankbaarheid: dat ons in die Lig kan wandel.

<u>Vers 21</u>” en aan mekaar onderdanig is in die vrees van God.”

<u>Verhoudings</u> met Hom en mekaar.

Oor verhoudings sal ons op ‘n volgende geleentheid praat.

<u>SLOT</u>

LEWE AS MENSE VAN DIE <u>LIG</u>.

DIE OORWINNING Lê IN ONS OORGEE AAN DIE HEILIGE GEES WAT IN ONS WOON.